higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

(13030115)

11 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 2 addenda.

082Q1B2211

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Alle antwoorde moet in volsinne wees, tensy anders aangedui.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kies die VERKEERDE opsie. Laer howe sluit die … in.

A Hof vir Klein Eise
B Inkomstebelastinghof
C Kinderhof
D Siviele Landdroshof

1.2 Die eerste stap in ’n defensiewe siviele aksie.

A Kennisgewing van voorneme om die aksie te verdedig
B Nadere besonderhede oor die eis
C Die betalingsaanmaning
D Skriftelike verweer deur die verweerder

1.3 ’n Kort dagvaarding (‘short summons’) word gebruik vir ... eise.

A likiede
B gelikwideerde
C illikiede
D likiede en illikiede

1.4 ’n Skuldbeslagorder beteken dat ... van ’n debiteur verhaal kan word wat versuim om skulde te betaal.

A geld in ’n belegging
B geld van ’n erflating
C gereelde maandelikse aftrekkings
D ’n eis teen ’n derde party vir skade gely

1.5 Die volgende voorbeeld is ’n voorbeeld van ’n …

Ek bemaak my plaas, Weltevrede, aan my seun Johann, onderhewig daaraan dat hy aan my dogter, Johandi, die bedrag van R600 000 betaal.

A modus
B substitusie
C opskortende voorwaardelike bemaking
D ontbindende voorwaardelike bemaking

Kopiereg voorbehou

1.6 ’n Eis tot by ... kan aan die Hof vir Klein Eise voorgelê word.

A R30 000
B R15 000
C R13 000
D R20 000

1.7 ’n Voorbeeld van ’n strafsaak:

A Egskeidingsaak
B Roekelose bestuur wat tot ’n ongeluk lei
C Dagvaar vir niebetaling van skulde
D Om deur ’n krediteur insolvent verklaar te word

1.8 Kies die VERKEERDE opsie. Formaliteite waaraan dagvaardings moet voldoen:

A Hofgelde moet betaal word.
B Dit moet deur die verweerder se prokureur onderteken word.
C Dit moet deur die eiser se prokureur onderteken word.
D Alle afskrifte moet gesertifiseer wees.

1.9 ’n Toevoeging tot ’n testament staan bekend as ’n …

A residu
B kodisil
C tenietgaan
D modus

1.10 Diefstal is ’n oortreding van die ... reg.

A statutêre
B gewoonte-
C regterlike
D gemene

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Alle bronne van die reg is onderhewig aan die Grondwet.

2.2 ’n Landdroshof het jurisdiksie oor verstandelike bevoegdheid.

2.3 Verdere besonderhede oor ’n eis word deur die prokureur van die eiser onderteken.

2.4 Om meineed te pleeg, word as ’n siviele oortreding beskou.

2.5 ’n Ongeletterde persoon kan ’n geldige testament opstel.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	'n Prokureur wat deur die staat betaal word om die beskuldigde in die geval van 'n ernstige misdaad by te staan	A	kommissaris
3.2	Aantal dae waarbinne 'n verweerder op 'n dagvaarding moet reageer	B	sakerekening
3.3	'n Presiese bedrag wat geëis gaan word	C	trustrekening
3.4	Persoon wat 'n testament opstel	D	dies induciae
3.5	Hierdie persoon verkry nooit eienaarskap van die eiendom nie	E	likiede eis
3.6	Sluit in bates en laste en saldo beskikbaar vir verdeling	F	gelikwideerde eis
3.7	Persoon wat 'n beëdigde verklaring aflê	G	deponent
3.8	Om sonder 'n testament te sterf	H	openbare verdediger
3.9	Voorsittende beampte in die Hof vir Klein Eise	I	testateur
3.10	Koopprys van eiendom word vooruit in hierdie rekening betaal	J	vruggebruiker
		K	likwidasierekening
		L	intestate erfopvolging

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Noem EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 'n Lys van gekwalifiseerde, praktiserende prokureurs

4.2 'n Assosiasie wat 'n wakende oog oor advokate se aktiwiteite hou

4.3 'n Afdeling in 'n regsfirma wat met die hantering van hofsake gemoeid is

4.4 Liasseermetode wat gebruik word indien dokumente opgerol en in 'n buis geliasseer word

4.5 'n Rekening wat in die prokureurskantoor gebruik word om alle bedryfskoste te betaal

4.6 Om in die uiterste goeie trou op te tree

4.7 Die belangrikste regskeppende gesag in Suid-Afrika

4.8 Om te staan by sake wat beslis is

4.9 ’n Hofbevel wat ’n individu verbied om sekere handelinge uit te voer

4.10 Term wat gebruik word indien ’n dagvaarding beteken word aan ’n getuie om by ’n siviele verhoor te verskyn

4.11 ’n Regsmiddel tot ’n verhuurder se beskikking oor die roerende eiendom van ’n huurder indien laasgenoemde agterstallig is met betaling van huurgeld

4.12 Persone wat tweede in rangorde voor die ongesekureerde krediteure ten opsigte van verdeling van skuld is.

4.13 Ongeskrewe reg

4.14 Liasseerstelsel wat gebruik word indien lêers in een afdeling gestoor word

4.15 Die rekening waarin die geld van al die prokureur se kliënte gehou word.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem enige TIEN tipes werk wat ’n prokureur tipies uitvoer. (10)

Jy is aangestel as die regsekretaresse by H & I Prokureurs. ’n Kollege nader jou om die huidige N5-studente oor sekere aangeleenthede toe te spreek.

Bied jou antwoorde in die vorm van PowerPoint-skyfies aan.

5.2.1 Telefoontegnieke en -maniere (6 x 1) (6)

5.2.2 Die verskil tussen *alfabetiese* en *numeriese liassering.* (2)

5.2.3 Die trustrekening (5 × 2) (10)

5.2.4 Die plig van die regsekretaresse om *uberrima fides* op te tree (2)

[30]

VRAAG 6

Lees die onvolledige artikel hier onder en voltooi dit. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

Opstelling van ’n testament: jou vrae beantwoord

Indien jy intestaat sterf, stel die staat ’n wettige voog vir jou kinders aan.

17 September 2019 11:13 / Deur Eric Jordaan - Crue Invest (Edms) Bpk



Moenie ’n groot spasie laat tussen die laaste reël van die testament en die testateur se handtekening nie – dit kan daartoe lei dat die testament ongeldig verklaar word. Illustrasie: Shutterstock

Wie kan 'n testament opstel?
Enigiemand wat ouer is as (6.1) ... en (6.2) by sy/haar ... is, kan 'n testament opstel. Deur 'n geldige testament op te stel, kan jy verseker dat (6.3) ...

'n Manlike persoon wat 'n testament opstel, staan bekend as 'n (6.4) ..., terwyl 'n vroulike persoon wat 'n testament opstel, as 'n (6.5) … bekend staan.

Wat is die vereistes van 'n geldige testament?
Ten einde geldig te wees, moet 'n testament aan sekere kriteria voldoen.
(6.6–6.9)

Kan enigiemand as getuie by 'n testament optree?
Enigiemand wat (6.10) ... jaar of ouer is, kan as getuie by 'n testament optree, mits hulle by hul volle verstand is en die gevolge van hul handelinge verstaan. Die reg vereis dat twee mense as getuies by 'n testament optree, en dat die erflater die dokument in die teenwoordigheid van daardie getuies onderteken.

Hoe werk voogdyskap oor 'n minderjarige?
Dit kan kortliks soos volg verduidelik word:
(6.11–6.15)

Wat doen die eksekuteur om die bestorwe boedel te administreer?
'n Eksekuteur het inderdaad 'n aantal pligte met betrekking tot die administrasie van die bestorwe boedel. Gee slegs NEGE.
(6.16–6.24)

Wat is 'n kodisil?
(6.25) … **[30]**

[Aangepas uit *https://www.moneyweb.co.za/financial-advisor-views/drafting-a-will-your-questions-answered/*]

VRAAG 7

7.1 Gebruik die volgende inligting om die volmag op ADDENDUM A (aangeheg) te voltooi:
Afdeling van die Hoë Hof: Noord-Kaap
Eiser: J Rossouw, 'n subkontrakteur van Cambridgelaan 20, Kimberley.
Verweerder: K Kleynhans van Kerkstraat 32, Kimberley
Eis: R34 900 vir dienste gelewer
Prokureursfirma: Rossouw en Joubert, Hoofweg 22, Kimberley
Maak gebruik van eie getuies en datums. (10)

7.2 Nie almal kan bekostig om regskoste aan 'n prokureur te betaal om iemand te dagvaar vir, byvoorbeeld, die lewering van 'n diens waarvoor jy nie betaal is nie. Om die publiek met sodanige eise te help, is die Hof vir Klein Eise in 1984 gevestig.

7.2.1 Wat is die hoogste eisbedrag waaroor hierdie hof kan beslis? (1)

Kopiereg voorbehou

7.2.2 Noem kortliks die prosedures wat gevolg moet word wanneer iemand in die Hof vir Klein Eise gedagvaar word. (14)

7.3 Een van die vereistes vir ’n geldige testament is dat dit op skrif gestel en deur die testateur onderteken moet wees.

Bespreek die opsies tot testateurs se beskikking wat ongeletterd of gestremd is en dus nie in staat is om hul eie testamente te onderteken nie. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 8

8.1 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

28 Junie 2019

Agterstallige huurgeld? Is dit die moeite werd om dit te probeer invorder?

Wat kan jy doen wanneer jou huurder agterraak met die betaling van huurgeld?

Niemand wil agterraak met die betaling van huurgeld nie, maar dit gebeur ongelukkig wel. Die lewe is moeilik, en die ekonomiese klimaat gaan blykbaar nie in die afsienbare toekoms verbeter nie, so dit gebeur alte maklik dat huurders agterstallig met hul betalings raak.



Dit is ’n stresvolle situasie vir sowel verhuurder as huurder en moet benader word met omsigtigheid en ’n volledige kennis van elkeen se regte.

Wat staan in die huurkontrak?

Afhangende van die spesifieke huurooreenkoms geld die volgende: Oor die algemeen, indien ’n huurder **sewe dae laat** is met betaling van die huurgeld, word hulle voor die reg beskou dat hulle die huurooreenkoms verbreek het.

Dit is die verhuurder se plig om die huurder skriftelik van die agterstallige huurgeld in te lig, maar die verhuurder het nie die reg om die huurder onmiddellik uit te sit nie. Deur middel van hierdie amptelike kennisgewing gee die verhuurder aan die huurder die geleentheid om die verbreking van die huurooreenkoms reg te stel. ’n Verhuurder kan die huurder in hierdie stadium by kredietburo’s op die swartlys laat plaas. ’n Spesiale regsmiddel tot die verhuurder se beskikking is die stilswyende hipoteek.

*[*Aangepas uit *https://www.sdlaw.co.za/blog/rental-arrears-is-it-worth-trying-to-collect/]*

8.1.1 'n Dagvaarding vir agterstallige huurgeld kan deur middel van 'n huurgeld-interdik aan die huurder uitgereik word.

Watter formaliteite moet met hierdie dagvaarding nagekom word? (3 × 2) (6)

8.1.2 Wat beteken 'n stilswyende hipoteek? (2)

8.1.3 Verduidelik kortliks die gevolge van 'n dagvaarding ten opsigte van huurgeld-interdik. (3 × 2) (6)

8.1.4 Wat sal die gevolge van slegs 'n gewone dagvaarding wees? (2 × 2) (4)

8.2 Gebruik die volgende inligting om die BOODSKAPBLAD te voltooi op ADDENDUM B (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER in die ruimte wat voorsien word. (12)

Jy is Khaya Tondo, sekretaresse vir die prokureurs MASETU & JOUBERT. Mev Khayenisha, 'n prokureur by A & K Regsfirma, se sekretaresse, Kim Timm, bel om met mnr Masetu te praat om die vergadering te bespreek wat op 20 November plaasvind. Mnr Masetu is nie beskikbaar om die oproep te neem nie. Mev Khayenisha sal nie die vergadering kan bywoon nie en versoek dat die vergadering tot 27 November uitgestel word.

Dit is jou verantwoordelikheid om hierdie boodskap aan die toepaslike persoon oor te dra. Mev Khayenisha se telefoonnommer is 011 357 3784 en haar e-posadres is khayenisha3@gmail.com

Die oproep is op 10 November om 11:00 ontvang.

[30]

VRAAG 9

9.1



BEËDIGDE VERKLARINGS – DIE WAARHEID?

9.1.1 Definieer 'n *beëdigde verklaring*. (2)

9.1.2 Hoe staan die persoon bekend wat 'n beëdigde verklaring aflê? (1)

9.1.3 Noem enige TWEE voorbeelde van waar 'n beëdigde verklaring afgelê kan word. (2)

9.1.4 'n Kommissaris van ede kan 'n beëdigde verklaring onderteken.

Noem TWEE dinge wat die kommissaris daardeur waarborg. (2)

9.1.5 Noem enige TWEE persone wat as 'n kommissaris van ede kan optree. (2)

9.2 Landdroste speel 'n baie belangrike rol in die regstelsel in Suid-Afrika.

Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot hierdie stelling.

9.2.1 In watter hof is 'n landdros 'n voorsittende beampte? (1)

9.2.2 Bespreek kortliks die tweeledige pligte van 'n landdros. (4 × 2) (8)

9.2.3 Dui in elk van die volgende gevalle aan of 'n landdros die regsbevoegdheid of jurisdiksie het om op te tree.

(a) Uitsetting van 'n persoon van 'n perseel
(b) Om 'n persoon tot verkwister te verklaar
(c) Om oor die geldigheid van 'n testament te besluit
(d) Dwelmhandel
(e) Hantering van 'n saak waar 'n persoon onder die invloed van alkohol bestuur.
(f) Hoogverraad

(6 × 2) (12)
[30]

VRAAG 10

10.1 Siviele sake kan deur verskillende howe aangehoor word. Die betrokke partye moet in gedagte hou dat, hoe hoër in die hiërargie 'n spesifieke hof is, hoe hoër sal die regskoste wees.

Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot hierdie stelling.

10.1.1 Noem enige VIER howe van eerste instansie waar 'n siviele saak aangehoor kan word. (4)

10.1.2 Noem enige SES dokumente wat in 'n siviele saak voltooi en voorgelê moet word. (6)

10.1.3 'n Eiser kan om 'n summiere vonnis aansoek doen.
Gee VIER gevalle waarin hierdie vonnis in werking gestel kan word. (4)

Kopiereg voorbehou

10.2 Dui in elk van die volgende gevalle aan in watter hof die volgende verhore sal plaasvind. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (10.2.1–10.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

10.2.1 Terwyl hy werk toe ry, verontagsaam Jerry ’n verkeerslig en kry ’n boete. Hy ignoreer alle eise om betaling.

10.2.2 James skuld ’n plaaslike stokvel R3 800. Die voorsitter van die stokvel wil James voor die hof daag om die skuld te verhaal.

10.2.3 Luphelo wil sy oorlede vrou se testament betwis op grond daarvan dat dit ongeldig is en dat sy ’n bygewerkte weergawe gehad het.

10.2.4 Die werkgewer wil nie vir Amelia bevorder nie as gevolg van haar geslag.

10.2.5 ’n Busbestuurder van Gauteng wat ’n ongeluk veroorsaak het waarin agt leerders gesterf het, is aan moord skuldig bevind. Hy wil teen hierdie uitslag appelleer.

10.2.6 Jacy en Wilna woon in Kaapstad. Hulle besluit om te skei.

10.2.7 Landile het loodgieterswerk by ’n kliënt se huis gedoen. Die kliënt weier om die uitstaande bedrag van R4 000 te betaal.

10.2.8 Amelia is betrap toe sy juweliersware by ’n winkel gesteel het.

10.2.9 Patricia het nagelaat om ’n uitstaande boete van R1 000 te betaal omdat sy die snelheidsgrens oorskry het.

10.2.10 Conway is in hegtenis geneem vir die verkoop van dagga. Dit was sy eerste oortreding.

(10 × 1) (10)

10.3 Bespreek die DRIE maniere waarop rehabilitasie kan plaasvind. (6)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 7.1

SPESIALE BEVOEGDHEID OM TE DAGVAAR EN VERDEDIG

In die Hoë Hof van Suid-Afrika

(Afdeling)

Eiser

Versus

Verweerder

In die saak van

Ek/Ons, die ondergetekende

Nomineer, benoem en stel aan

Met mag van substitusie om die ware en wettige prokureur(s) en agent(e) te wees vir my/ons, en in ons plek te verskyn voor die voorgenoemde agbare Hof of waar dit ook al nodig mag wees en daar

alle gelde van regshulp en getuies te betaal; om alle en enige betalings te maak wat noodsaaklik en wenslik vir die behoorlike uitvoer van die saak kan wees, en hiermee te bekragtig, in staat te stel en te bevestig, en te belowe om te bekragtig, in staat te stel en te bevestig alles en wat ook al my/ons genoemde Prokureur(s) en Agent(e) regtens hiermee kan laat gebeur.

Gegee onder my hand te .....

Hierdie ..... dag van .....20....., in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

GETUIES:

1. ……..

2. …….

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 8.2

TELEFOONBOODSKAP	
Aan:	
Van:	
Maatskappy:	
Telefoon:	
Datum:	Tyd:
Boodskap:	
Oproep geneem deur:	

Kopiereg voorbehou